BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 12.

Tot op datum het ons stilgestaan by die Heilige Gees in die Bybel. Die volgende breë lyne is gevolg:

- Skepping tot sondeval [Les 1].
- Sondeval tot die geboorte van Christus [Les 2-4].
- Jesus se openbare optrede [Les 5].
- Hemelvaart [Les 6].
- Pinkster [Les 7].
- Uitbreiding van die kerk na Pinkster [Les 8].

In Les 9 het ons verskillende Skrifgedeeltes in Handelinge ondersoek wat meer duidelikheid gee oor die verhouding *bekering en doop met die Heilige Gees*.
Les 10 en 11 verduidelik die werking van die Heilige Gees met die mens persoonlik – tot en met die wederkoms van Jesus Christus. Die Bybel gebruik pragtige beelde om aan te toon dat ons deur die Heilige Gees God se eiendom is [Les 10]. So belangrik is ons vir die Here, dat Hy 'n lewensbelangrike deposito in ons lewe gemaak het, naamlik die Heilige Gees. God gee die Gees aan ons as die eerste paaiement om ons te verseker dat die res van sy wonderlike erfporsie by die wederkoms vir ons wag. Die Heilige Gees sal sorg dat ons die wenstreep haal.
Maar wat doen die Heilige Gees as eerste paaiement in ons lewe? Hy maak ons vry. Hy breek alle sondebande in sy kinders se lewe [Les 11].

WAT KAN EK VAN DIE HEILIGE GEES VERWAG?

1. LEES 2 Korintiërs 1:21-22 [1953-vertaling].

   > Maar Hy wat ons saam met julle bevestig in Christus en ons gesalf het, is God, wat ons ook verseël het en die Gees as onderpand in ons harte gegee het.

   In hierdie twee verse wys Paulus sy lesers hoe Jesus met die Heilige Gees werk. Jesus doen drie dinge met sy Gees in ons lewe. Kyk of u dit kan vind.

2. Kyk ons mooi na die werk van die Heilige Gees in ons lewe, kom ons agter dat ons as't ware omring word deur die Heilige Gees. Eers salf Jesus ons met sy Gees. Hy giet sy Gees oor ons uit. Daarna verseël Hy ons met sy Gees. Hy druk sy Gees op ons af. In die derde plek woon Hy in ons met sy Gees. Lees hierdie gedeelte mooi deur en voltooi die volgende stellings:

- Ons het die Gees.....ons;

- Ons het die Gees.....ons;

- Ons het die Gees.....ons;

3. Kom ons kyk nader na die inwoning van die Heilige Gees in ons harte.
   LEES Romeine 8:9 en Efesiërs 3:17.
   In Romeine 8:9 lees ons dat die Heilige Gees in ons woon. Maar hoe weet ek dat die Heilige Gees in my woon?

4. LEES Galasiërs 3:2 en 3:5.
   Hoe word die Heilige Gees volgens hierdie gedeeltes ontvang?

5. LEES Romeine 8:14 [1953-vertaling].
   Want almal wat deur die Gees van God gelei word, is kinders van God.
   Wat doen die Heilige Gees met ons wanneer Hy in ons woon en wat beteken dit vir ons?

6. In die tweede plek verseël Christus ons met sy Heilige Gees. Wat moet ons onder hierdie seël verstaan? In die Bybel beteken hierdie seël 'n kenteken, 'n merk of 'n brandmerk wat aan slawe gegee is om hulle as eiendom te waarmerk. By gelowiges is die Heilige Gees self die seël. Christus het God se kinders met die Heilige Gees gewaarmerk. Die seël is die waarborg dat Christus ons deur sy Gees sal vashou tot die dag wanneer Hy terugkom.
   LEES Galasiërs 5:22.
   Op watter wyse is die seël van die Heilige Gees sigbaar in 'n gelowige se lewe?

7. In die derde plek is daar die salwing. Christus wat in ons woon met sy Gees en wat deur sy Gees sy stempel op ons druk, salf ons ook met sy Gees. By salwing dink ons terug aan die Ou Testament. Daar lees ons van profete, priesters en konings wat met olie gesalf is. Die olie was altyd beeld van die Heilige Gees. So is hulle toegerus vir hulle werk.
   LEES Handelinge 1:8.
   Waartoe rus die Heilige Gees ons toe volgens hierdie gedeelte?

8. LEES Handelinge 1:14.
   Hoe ontvang ons die salwing met die Heilige Gees?

B. ANTWOORDE.

1. Jesus *salf* ons met sy Gees.
   Hy *verseël* ons met die Gees.
   Die Heilige Gees *woon in ons harte*.
2. Ons het die Heilige Gees OOR ons;
   Ons het die Heilige Gees OP ons;
   Ons het die Heilige Gees IN ons;
3. Net deur die geloof. Paulus bid in Efesiërs 3:17 dat Christus deur die geloof in ons harte sal woon. Die Gees wat in ons woon, is die Gees wat ons tot geloof bring.
4. Deur die prediking van die evangelie.
5. Die Heilige Gees neem die leiding van ons lewe oor. Dit beteken dat ons nou onder die invloed en heerskappy van die Heilige Gees staan. Dit is 'n bevrydende gedagte. Jy hoef nie meer self te besluit en alleen jou beslissings te neem nie. Christus neem oor. Hy is nou daar diep in jou hart met sy Heilige Gees. So beteken leiding dat die Heilige Gees die bestuur van 'n mens se lewe oorneem. Dit doen Hy natuurlik deur die Woord [vgl. Kol.3:16].
6. Wanneer ons na aan die Here Jesus lewe, gaan ons steeds meer sy beeld en gelykenis vertoon. Christus kry in ons lewe gestalte. Hy word duideliker in ons

lewe sigbaar. Dit gebeur natuurlik deur die vrug van die Gees wat in ons lewe leef. Dit is die seël van die Heilige Gees.

7. Om as Christene in die wêreld op te tree en om die werk in die koninkryk van God te doen.
8. Op die gebed sal ons die salwing van die Gees – die heerlike toerusting met die Gees ontvang.

****